

17 Desember

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13-14

Verseël deur die Gees

Twee betekenis van verseëling kom hier na vore. Die eerste is: *die Heilige Gees verseël ons as die eiendom van God* (vs 13). Die boek Openbaring teken baie ontstellende dinge wat gaan kom: die draak en sy twee diere (anti-Triniteit), die demoniese gedroegtes, die goddelose wêreldryk Babilon, Armageddon, die toorn van God wat in die vorm van sewe bakke op die aarde uitgegooi word, ensomeer. Wie sal dan staande bly?

Die antwoord is: Alleen hulle wat vooraf verseël is as God se eiendom, as sy kinders. Dit is hulle wat deur die Heilige Gees die gawes van geloof en onderskeidingsvermoë ontvang het. Let op dat die verseëling nie die verlies van aardse, tydelike dinge (soos verlies van werk, gesondheid, politieke stabiliteit) waarborg nie. Die verseëling waarborg dit wat ewig belangrik is, naamlik geloofsvolharding. Ons liggeme sal oorgegee word aan lyding en die dood, maar nie ons siele nie. Ons opstanding uit die dood is gewaarborg – is verseël deur die Gees.

Die tweede betekenis van verseëling is: *die bevestiging van God se beloftes* (vs 14). Voordat God die wêreld geskep het, het Hy 'n raadsplan opgestel waarin uitverkorenes onder die mensdom spesiaal betrek word (vs 4). God noem hierdie uitverkorenes sy "volk" en nog meer intiem, sy "kinders" (vs 5, 11). Om hulle te verlos van die vloek van die dood en sonde, het Hy sy Seun gestuur (vs 7). Aan hulle word die heerlike boodskap van vergifnis verkondig om hulle tot geloof te bring (vs 13a).

Maar is al hierdie dinge waar? Die Heilige Gees bevestig dit. Meer nog: Hy waarborg dat dit alles waar is. Só verseël die Heilige Gees dit wat God lank tevore al belowe het.

Om dit praktyk te maak, dink ons hier aan Dawid. Die koningskap is deur God aan hom belowe, maar Dawid sou lank moes wag voordat dit sou gebeur. God het egter geweet dat sy kneg Dawid méér as 'n belofte nodig gehad het. Direk na sy onverwagse salwing in hulle huis, lees ons die volgende: "Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk" (1 Sam. 16:13). Die kragtige werking van die Gees was merkbaar in Dawid se oordeel oor sake, insig in die wil van God, dig en komponering van psalms en die suksesvolle voer van oorloë vir God. Hierdie inspirasie van die Gees was Dawid se waarborg dat God se beloftes wel eendag vervul sou word. Die Heilige Gees het verseël wat die Vader vir Dawid bestem het.

Presies so vir ons, want daar is beloftes (soos die wederkoms) wat eers oor duisende jare (sedert Jesus dit belowe het) waar gaan word.

Daarom jubel Paulus dit deurlopend in Efesiërs 1 uit: "Aan God kom al die lof toe", en: "Ons moet sy grootheid prys" (vs 3, 6, 12).

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds. AS Heystek (Emeritus)